

2 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 7:24-29

Fokusgedeelte: Matteus 7:24-27

Bou op die rots

Hier staan twee bouers in 'n pragtige vallei, elkeen wil 'n huis hier bou. Die een is verstandig, die ander een dwaas. Die verstandige een kyk vooruit en besef dat dit êrens reënseisoen sal word en die water in hierdie vallei gaan afkom. Hy grawe dus die bogrond weg tot hy rots vind, en op die rots anker hy sy huis. Die dwase man beplan nie. Hy bou net daar op die sand. En as dit dan reënseisoen word en die vloedwater kom, spoel sy huis heeltemal weg.

Net so, sê Jesus, is iemand wat sy woorde, sy prediking, hoor, en dit nie uitvoer nie, nie daarop reageer nie. Want deur sy woorde en sy prediking kom Hy van Homself getuig, dat Hy die rots is waarop gebou moet word. Sy leer is hier direk teen die Fariseërs gerig, wat geleer het dat deur 'n getroue nakoming van die wette en voorskrifte en tradisies, jy 'n ereplek voor God kon verdien. Dit is egter soos om op sand te bou. Dit is om te antwoord op die vraag hoekom ek hemel toe gaan, dat ek darem my bes probeer het, mooi probeer leef het, in God se regte boekies probeer bly het. Dan bou jy op sand, want wat jy ook al doen, kan vir jou geen plek in die hemel verdien nie. Nee, bou op rots! Aanvaar Jesus Christus as enigste redding, slegs deur sy dood en opstanding, deur sy offer aan die kruis, het Hy vir jou volkome verlossing verwerf.

Bou op rots, deur onder leiding van die Heilige Gees te bely dat ek nie uit eie verdienste nie, maar in Christus gered is. Bou op rots, deur onder leiding van die Heilige Gees te getuig dat ek deur Jesus Christus alleen op pad is na 'n ewige lewe.

Sing: Psalm 18:14 (Totius)

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)